

**DIE GEBRUIK VAN DIE
CORNELL NET CARBOHYDRATE AND PROTEIN SYSTEM (CNCPS)
MODEL VIR WINSGEWENDE VOEDING ONDER SUID-AFRIKAANSE
VOERKRAAL TOESTANDE**

Hermanus Johannes van Staden



Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die Graad Magister
in die Wysbegeerte **MPhil (Veebedryfsbestuur)** aan die Universiteit van Stellenbosch

Studie leier: Prof CW Cruywagen

Desember 2002

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Datum:.....15/11/2002.....

Opsomming

Die Suid Afrikaanse Voerkraalbedryf het oor die afgelope 30 jaar ontwikkel en sodanig gegroei dat 70% van alle bemarkte karkasse vandag deur die bedryf voorsien word. Die voerkraalbedryf is hoofsaaklik geskoei op graan neweprodukte en kuilvoer.

Gedurende die afgelope 25 jaar het baanbrekers wetenskaplike navorsing gelei tot die beskikbaarstelling van nuwe medikamente, antibiotikums, voeradditiewe, entstowwe en ionofore. In die negentiger jare verskyn 'n Beta-agonis (Zilmax) met die aktiewe bestanddeel Zilpaterol op die mark – hierdie produk maak dit by uitstek moontlik vir die voerkraal om die positiewe voermarge – wat as 'n reël bestaan- vir langer periodes te benut. Suspensie voere verskyn ook vir die eerste keer gedurende die negentig's in Suid Afrika.

Met die draai van die eeu is daar 'n bewuswording in die Voerkraalbedryf van die Cornell Net Carbohydrate and Protein System (CNCPS) model wat gedurende die afgelope 30 jaar by die Cornell Universiteit in Amerika ontwikkel is. Hierdie model is by uitstek geskik vir die verbetering van voedingsdoeltreffendheid in vleis- en melkbeeste. Die model maak dit moontlik om nie slegs die goedkoopste dieet te formuleer nie, maar ook die winsgewendste dieet aangesien die "koste per kilogram toename" 'n belangrike maatstaf vir die model is.

Die CNCPS model is opgebou uit verskeie komponente/submodelle en 'n meganistiese benadering word gevolg wat volhoubare ontwikkeling van die model in stand hou. Die CNCPS karakteriseer twee hoofgroepe bakterieë nl. Die SC (Strukturele Koolhidrate) en die NSC (Nie Strukturele Koolhidrate) volgens die tipe koolhidrate wat elke groep fermenteer. Hierdie verdeling reflekteer verskille in N verbruik en doeltreffendheid van groei, sowel as 'n bykans eksklusiewe gebruik van energie. Dié twee groepe bakterieë se onderhoudsbehoefte verskil ook. Beraamde deurvloei- en fermentasie tempo is 'n integrale deel van die CNCPS model en word gebruik om Mikrobiese groei te beskryf. Die model gebruik eNDF om die rumen pH te voorspel, met dien verstande dat 'n pH laer as 6,2 lei tot 'n vinnige afname in mikrobiese opbrengs.

Die fermentasie submodel is die ruggraat van die CNCPS model en die samestelling van mikrobe proteïen word aangedui.

Vir die beskikbaarheid van Koolhidraat en proteïen fraksies beskik die CNCPS model oor 'n submodel wat die tempo van degradasie van voedingstowwe in die rumen, sowel as die deurvloei tempo van nie gedegreerde voer voorspel. In die CNCPS word NSC en SC koolhidrate beraam vanaf voer NDF ontledings. Data uit die literatuur word gebruik om die fraksionele tempo van SC en NSC te voorspel. Ruproteïen word verdeel in vyf fraksies verdeel nl(A,C, B3, B2, B1). Die hoeveelheid koolhidrate of N wat in die rumen verteer word, word bepaal deur relatiewe tempo's van degradasie en deurvloei. Die deurvloei tempo uit die rumen is 'n funksie van DMI, partikel grootte, digtheid en tipe voer wat gevoer word (ruvoer of kragvoer). Die CNCPS model beskik oor vergelykings wat die fermentasie en deurvloei tempo van koolhidrate en proteïen fraksies voorspel. Koolhidrate word in vier fraksies verdeel nl: (A, B1, B2 en C) – op grond van degradasie tempo.

Die mate van rumenvertering is 'n funksie van kompetisie tussen vertering en uitvloei en verskil tussen voersoorte en partikelgrootte.

In die evaluering van Hurland Voerkraal se rantsoene met behulp van die CNCPS model het die volgende duidelik na vore gekom:

- 1) Primêre tekorte het algemeen voorgekom in MP-, en energie toelaatbare groei.
- 2) eNDF is as 'n reël oorvoorsien en geen spysverterings steurnisse word ver wag (vesel vlakke was te hoog)
- 3) 'n Oormaat Ca (Voerkalk) was deur gaans in alle rantsoene teenwoordig
- 4) Die lae energie digtheid van kuilvoer beperk die insluitingsvlakke van kuilvoer in voerkraal diëte.
- 5) Tekorte aan peptiede het voorgekom – wat reggestel is met die verhoging in koringsemel vlakke (Fisiese aanpassings aan bestaande strukture en metodes is gedoen om hierdie mikpunt te bereik)

Ter afsluiting is data wat gedurende die afgelope tien jaar ingesamel is weergegee. Hierdie data wat gemiddelde maandelikse voerinnamewat sowel as GDT aandui – dui op besliste seisoenale tendense wat voorkom. Beide GDT, inname in kg/dag en inname as % van liggaamsmassa daal as die dagliglengte verkort.

Summary

The South African Feedlot industry developed over the past 30 years to a point where the industry today are marketing 70% of all marketed carcasses. The foundations for the feedlot industry are in the byproducts from the milling industry as well as in silage.

During the past 25 years, front line scientific research increased the availability of new medicines, antibiotics, feed additives and ionophores. In the nineties a β -antagonist (Zilmax) with the active ingredient Zilpaterol is launched on the SA market, this product increases the ability to utilize the positive feedmargin – which generally exist – for longer periods. Suspension feeds also came to the SA market during this time.

At the turn of the century the feedlot industry took note of the Cornell Net Carbohydrate and Protein System (CNCPS) which was developed over the past 30 years at Cornell University in the USA.

The CNCPS model consists of various components/submodels with a mechanistic understanding, which is usually needed for sustained development. The ruminal microbial population is divided into bacteria that ferment structural carbohydrate (SC) and those that ferment non-structural carbohydrate (NSC). This segregation reflects differences in N utilization and growth efficiency as well as an almost exclusive partition of energy source utilization. There is a difference in the maintenance requirements of the two groups of bacteria. Estimated passage and fermentation is central to the CNCPS model and are used to describe microbial growth. The model uses eNDF to predict rumen pH – with the acknowledgment that pH lower than 6,2 will lead to a quick decline in microbial yield.

The backbone of the CNCPS model is the fermentation submodel, which also provides the composition of microbial yield.

The CNCPS has a submodel that predicts rates of feedstuff degradation in the rumen, the passage of undegraded feed to the lower gut, and the amount of ME and protein that is available to the animal. In the CNCPS structural carbohydrate (SC) and non-structural carbohydrate (NSC) are estimated from sequential NDF analyses of the feed. Data from the literature are used to predict fraction rates of SC and NSC degradation. Crude protein is partitioned into five fractions (A,C,B3,B2,B1).

The amount of carbohydrate or N that is digested in the rumen is determined by the relative rates of degradation and passage. Ruminant passage rates are a function of DMI, particle size, bulk density and the type of feed that is consumed (forage vs cereal grain). The CNCPS uses equations to predict fermentation and passage of carbohydrates and protein. Carbohydrates are divided into four fractions (A, B1, B2 and C) according to their rate of degradation. The extent of rumen fermentation is a function of competition between fermentation and passage and do differ for different feedstuffs and particle sizes.

In the CNCPS evaluations of the rations at Hurland feedlot, the following was observed:

- 1) Primarily there was shortages in MP- and energy allowable gain
- 2) eNDF was over supplied
- 3) Calcium (feedlime) was over supplied in all the rations
- 4) The low energy density of silage limits the inclusion of silage in feedlot rations
- 5) Shortages in peptide supply did exist – this was mainly corrected through higher levels of wheat bran inclusion and certain structural improvements were done to existing facilities to accommodate this.

Some commercial feedlot data that were collected over the last 10 years are supplied. Certain seasonal tendencies are described from the data. Both ADG, intake (kg/day) and intake as a % of live mass decreases as daylight length decrease

Lys van Afkortings

AA	Aminosure
ADF	Acid detergent fibre (Sellulose + lignien)
ADFIP	ADF – residuele – N
ADIN	Acid detergent insoluble N
BW	Liggaamsmassa (Body weight)
CHO	Koolhidrate
CNCPS	Cornell Net Carbohydrate and Protein System
CS	Liggaams kondisiepunt
DIP	Degradable intake protein
DMI	Droë materiaal inname
EBG	Leë liggaamstoename
EBW	Leë liggaamsmassa
EE	Eter ekstrak
eNDF	Effektiewe NDF
EQSBW	“Ekwivalente shrunk liggaamsgewig”
FSBW	Punt van fisiologiese volwassenheid (22% liggaamsvet). Die sg. verwysingsbees
GDT	Gemiddelde daaglikse toename
LG	Lewende massa
ME	Metaboliseerbare energie
MP	Metaboliseerbare proteien
MPm	Metaboliseerbare proteien benodig vir onderhoud
N	Stikstof
NDF	Neutral detergent fibre (selwande)
NDFIP	NDF – residuele – N
NDIN	Neutral detergent insoluble N
NE	Netto energie
NEg	Net energy gain
NEm	Net energy maintenance
NPN	nie – proteien – stikstof
NSC	Nie Strukturele Koolhidrate
RP	Ruproteien
SBW	“Shrunk body weight”

SC	Strukturele Koolhidrate
SoIP	Oplosbare proteien (Soluble intake protein)
SRW	Standaard verwysingsgewig (400kg)
SVK	Spysverterings Kanaal
TBA	Trembeloon Asetaat
TVV	Totale verteerbare voedingstowwe
UIP	Undegradable intake protein

Erkennings

Aan my Hemelse Vader, dankbaarheid vir Sy genade wat my die geleentheid, vermoë en gesondheid gegee het om hierdie werkstuk te voltooi.

My vrou Nelmarie vir haar geduld en bystand sowel as die tegniese versorging van hierdie werkstuk en vele ander werkstukke oor my nagraadse studie loopbaan.

Die bestuur van Bull Brand Foods (Edms)Bpk wat my die geleentheid tot hierdie studie en suksesvolle voltooiing van die graad MPhil Veebedryfsbestuur gebied het.

Inhoud

Die moontlike gebruik van die Cornell Net Carbohydrate and Protein system (CNCPS) model vir winsgewende voeding onder Suid Afrikaanse voerkraal toestande

Opsomming

Lys van afkortings

Erkennings

Hoofstuk 1 Inleiding	1
1.1 Die ontwikkeling van die voerkraalbedryf.....	1
1.2 Huidige voedingspraktyke in die SA voerkraalbedryf.....	1
1.3 Die Produksie-proses	2
1.4 Voer/Vleisprys verhouding vir Hurland Voerkraal	4
1.5 Wetenskaplike ontwikkelings gedurende die afgelope 25 jaar.....	5

Hoofstuk 2 Prosedure

'n Literatuur oorsig en beskrywing van die belangrikste komponente / submodelle waaruit die CNCPS saamgestel is..... 8

2.1 Rumen fermentasie	8
2.1.1 Die "ideale" rumen fermentasie	9
2.1.2 Tempo's vs Hoeveelhede.....	10
2.1.3 Deurvloei vs fermentasie.....	10
2.1.4 NRC Behoeftes	10
2.1.5 Mikrobiëse groei.....	11
2.1.6 Proteïen fermentasie en Ammoniak akkumulاسie	13
2.1.7 Die samestelling van rumen mikrobe	13
2.1.8 Implikasies van CNCPS fermentasie submodel.....	14
2.2 Koolhidraat en Proteïen beskikbaarheid.....	14
2.2.1 Parameters van voer samestelling	15
2.2.2 Voer Koolhidraat (CHO) fraksies.....	17
2.2.3 ME en NE waardes van Voere	21

2.3. Praktiese aanwending van CNCPS model	21
2.3.1 Die CNCPS benadering tot energie-voeding:	21
2.3.1.1 Bepaling van energiebehoefte vir onderhoud.....	22
2.3.1.2 Bepaling van energiebehoefte vir groei.....	23
2.3.1.3 Bepaling van die energie-inhoud van voer of voerbestanddele ...	25
2.3.2 Die CNCPS benadering tot proteïen-voeding	25
2.3.2.1 Behoefte vir proteïen.....	25
2.3.2.2 Onderhoud	25
2.3.2.3 Groei	26
2.3.2.4 Behoefte vir Aminosure (AA)	27

Hoofstuk 3 Resultate en bespreking

Die evaluering en aanpassing van Hurland voerkraal rantsone met behulp van die CNCPS model.....	27
---	----

3.1 Bespreking van Aanvangsrantsone	38
3.2 Bespreking van Groeirantsone	50
3.3 Bespreking van Afrondingsrantsone.....	60
3.4 Ontmoeting van teorie en praktyk.....	60
3.4.1 Tien jaar se voerkraal data	61
3.4.2 Inname as persentasie van gemiddelde massa van verkoopte beeste en GDT.....	61

Gevolgtrekkings	64
------------------------------	----

Verwysings	66
-------------------------	----

HOOFSTUK 1 INLEIDING

1.1 Die ontwikkeling van die voerkraalbedryf

Die voerkraalbedryf is minder as 30 jaar gelede in Suid-Afrika as 'n industrie binne die lewendehawe- en vleisbedryf erken. In vergelyking met ander Landboubedrywe (byvoorbeeld die veevoerfabrikante), is die voerkraalbedryf nooit beplan nie. Dit is deur die spekulant ontwikkel om addisionele waarde aan die diere tussen boer en verkoper toe te voeg. Eers in later jare het die varsvleishandel en landboukoöperasies voerkrale bekom as 'n diens aan hul lede en 'n wyse om voorrade van egalige kwaliteit te bekom, en die bedryf betree (Lombard, 1990).

Twintig jaar gelede het voerkrale ongeveer 5% van alle bemarkte beeste geproduseer en vir hierdie produk het hulle op daardie stadium 'n 25% premie ontvang bo die gemiddeld vir alle grade van bemarkte karkasse. Vandag sien die situasie heelwat anders daaruit – die Suid Afrikaanse Voerkraalbedryf voorsien ongeveer 70% van alle bemarkte karkasse teen 'n premie van slegs 5% bo die gemiddeld van alle grade karkasse (Ford, 2001).

Daar moet dus geen twyfel bestaan oor die kompeterende aard van die bedryf as sulks nie. Die totale voerkraalbedryf word dus genoodsaak om voortdurend verhoogde doeltreffendheid na te streef (Doeltreffendheid as 'n verhouding van insette tot uitsette word deurgaans met behulp van moderne tegnologie geëvalueer en metodiek, metodes en prosesse word aangepas om dit te optimaliseer). Suid Afrikaanse voerkrale speel vandag 'n sleutelrol in produksie van dié kwaliteit vleis wat deur die Suid Afrikaanse verbruiker verlang word, en in die effektiewe verhoging van die beperkte drakrag van Suid Afrikaanse weidings.

1.2 Huidige voedingspraktyke in die Suid Afrikaanse voerkraalbedryf

Suid Afrika beskik oor 'n wye verskeidenheid beesrasse, en dit word weerspieël in relatief groot variasie in diererasse en –tipes in voerkrale. Vir sover hulle 'n keuse het diskrimineer voerkrale teen Brahmane (Brahmaan – kruisings) en Vriese. Heelwat

Brahmane kom egter voor aangesien daar meestal 'n tekort aan speenkalwers is en voerkrale dikwels moet vat wat hulle kan kry. Groot kompetisie bestaan dikwels tussen verskillende krale by die aankoop punte / primêre produsente. Rasse soos die Bonsmara, Aberdeen Angus, Simmentaler, Hereford, Drakensberger, Charolais en hul kruisings is gewild en kom redelik algemeen in voerkrale voor.

Voerkrale verkies bulkalwers omdat hulle beter presteer en in elk geval bemark word voordat ongewenste manlike eienskappe 'n rol speel. Daar is egter nog steeds heelwat osse en verse in Suid Afrikaanse voerkrale.

Die Suid Afrikaanse bedryf opereer meestal met negatiewe prysmarges en positiewe voermarges. Dit sou dus lonend wees om vir langer tydperke te voer, maar verbruikers voorkeure plaas 'n perk op voerperiode (Henning, 2001).

1.3 Die produksie-proses in Voerkrale

Speenkalwers kom op ongeveer 200–240 kg lewende gewig in voerkrale aan en groei dan oor 'n 90 tot 120 dae tydperk tot 'n lewende gewig van ongeveer 400 kg. Hierdie slagpunt weerspieël die voorkeur van die Suid Afrikaanse verbruiker t.o.v. karkasvet (ekwivalent aan ongeveer 22% totale liggaamsvet) en snitgroottes.

Die Suid Afrikaanse voerkraalbedryf berus hoofsaaklik op graan-neweprodukte, waarvan hominy chop die belangrikste is. Mielies word soms ook gebruik maar is oor die algemeen eenvoudig te duur (beskikbaarheid is as 'n reël nie 'n probleem nie). Graansorghum word ook tot 'n mindere mate as energiebron gebruik. In teenstelling met die VSA vind min indien enige prosessering van grane (anders as maal) in Suid Afrika plaas.

Die volgende voerbestanddele word in meeste SA voerkrale gebruik (en min ander alternatiewe kom te sprake);

- Hominy chop
- Mielies / Mieliesifsels
- Graansorghum
- Brouersgraanreste
- Koringsemels

- Heel katoensaad
- Katoensaad oliekoek
- Grondboon oliekoek
- Mieliegluten
- Ureum
- Melassemeel
- Melassestroop
- Mieliekuilvoer
- Verskillende grashooie
- Katoensaad doppe
- Koring-, Gars strooi
- Sonneblom doppe
- Voergraad koring / -gars

Nuwe-produkte van dierlike oorsprong word nie sommer gebruik nie, eerstens omdat dit te duur is en tweedens omdat die vrees bestaan dat dit tot vebruikersweerstand teen beesvleis kan lei. Voerkrale voer tipies 'n maksimum van drie verskillende diëte, naamlik "aanvangs-", "groei-" en "afrondingsdiëet". Voeding is *ad lib* en geskied basies 2-4 maal per dag.

Meeste voerkrale inplanteer hulle diere met 'n verskeidenheid anaboliese steroïde – met 'n aanvanklike- en latere herinplantering. 'n Nuwe beta-agonis groeibevorderaar (zilpaterol), wat by die voer gevoeg word, word deesdae in al hoe meer voerkrale gebruik.

Voerkraaldiëte in Suid Afrika word nog grootliks op 'n metaboliseerbare energie (ME) en ruproteïen basis gebalanseer. Sommige voerkrale balanseer wel ook die verbyvloei proteïen (UIP en DIP). Die netto energie (NE) stelsel wat algemeen in die VSA gebruik word het nog min byval gevind in Suid Afrika. Die ou bekende TVV stelsel word ook nog algemeen gebruik.

Die Voerkraalbedryf in Suid Afrika is hoogs doeltreffend! Die bedryf is basies daartoe gedwing deur vleis-tot-graam verhouding wat baie ongunstiger is as bv. dié in die VSA (13 vs 24 : 1 in SA en VSA onderskeidelik). Die "druk" word verder verhoog deur 'n

vleisklassifikasiesstelsel wat 'n premie betaal vir jonger vleis wat wel die gewenste graad van afronding moet hê (Henning, 2001).

1.4 Voer/Vleisprys verhouding vir Hurland Voerkraal

Tabel 1.1 Voer/Vleisprys verhouding vir Hurland Voerkraal te Magaliesburg gedurende die afgelope dekade

Jaar	Hurland
1987/1988	19.70
1988/1989	17.70
1989/1990	16.10
1990/1991	15.14
1991/1992	12.24
1992/1993	15.90
1994/1995	23.27
1995/1996	17.51
1996/1997 (18 mnde)	16.11
1997/1998 (7 mnde)	16.09
1998/1999	15.57
1999/2000	14.19
2000/2001	15.84
2001/2002 (8 mnde)	16.40

Die voer/vleisprys verhouding is as 'n reël 'n aanduiding van hoeveel kg mielies aangekoop kan word vir elke kg A-graad karkas wat verkoop word. Hierdie bg. voer/vleisprys soos deur Hurland Voerkraal gerapporteer vanaf 1988 tot 2001 is nie op mielies as sulks gebaseer nie, maar wel op die gemiddelde randwaarde van alle rantsoene wat gevoer word (op 10% vog basis). Soos reeds vermeld bestaan rantsoene meestal uit afval/neweprodukte en die noodsaaklikheid vir korrek gebalanseerde rantsoene waar die optimale benutting van nutriente voorkom staan integraal in die middelpunt van die voerkraalbedryf. Huidiglik kom daar nog groot variasie voor in die bereiking van hierdie ideaal –

- 1) tussen verskillende voerkrale en
- 2) tussen verskillende rantsoene wat in verskillende stadia aan die voerkraal bees gevoer word.

Dit is hier waar die CNCPS model as doelmatige hulpmiddel inkom met die doel om voedingsbehoefte en nutriëntvoorsiening akkuraat te voorspel vir enige spesifieke produksie – situasie, ten einde die koste van groei só laag as moontlik te hou en vermorsing en omgewingsbesoedeling te beperk.

1.5 Wetenskaplike ontwikkelings gedurende die afgelope 25 jaar

Die ontwikkeling van die voerkraalbedryf is gekenmerk deur baanbrekers wetenskaplike navorsing en beskikbaarstelling van nuwe medikamente, antibiotikums, voeradditiewe, entstowwe en nuwe voedingkundige standaarde / praktyke. In 1975 verskyn Rumensin op die mark. Die aktiewe bestanddeel is monensin. Monensin is 'n biologiese aktiewe chemiese verbinding wat oorspronklik gebruik is om koksidiëse te voorkom. Monensin speel egter 'n kardinale rol in die verbetering van voeromset en speel 'n belangrike rol in die voorkoming van asidose en spysverteringsteurnisse wat andersins sou voorkom en wat in die verlede voorgekom het by voerkraal diere op energiereike, gekonsentreerde rantsoene.

In 1990 skryf Dr JH Lombard die volgende opmerkings nadat hy 'n analise van die totale Voerkraal industrie gemaak het:

Die belangrikste komponente van 'n voerkraalrantsoen (in volgorde van belangrikheid)

is:

- i) energie
- ii) vesel
- iii) groeistimulante
- iv) voermengsels (vitamiene, minerale en medisyne)

Graan, as energiebron, in die voerkraal rantsoen, is 'n belangrike komponent in die rantsoen. Mielies, die tradisionele voergraan, kan grootliks deur graansorghum en afvalprodukte vervang word. Die verdere prosessering van mielies (bv. "steam flaking") verhoog die biologiese prestasies (bv. daaglikse karkastoename) maar die ekonomiese oorwegings beperk die praktiese toepassing.

Vesel is in die rantsoen nodig maar is 'n ongerieflike bestanddeel om te hanteer en is seisoenaal van aard. Verdere ontwikkeling in die voerkraalbedryf kan tot daardie

gebiede, waar voldoende vesel van 'n goeie kwaliteit voorkom, beperk word. Die behandeling van die lae-gradse veevoer met verskeie vetsure (bv. kalsiumseep) om die verteerbaarheid en energie van die voer te verhoog, kan toeneem.

Die algemene gebruik van groeistimulante (hormoon inplantering en ionofore) in die voerkraalbedryf oor die afgelope dekade het biologiese en ekonomiese prestasies verhoog. Verbruikersvoorkeure, kan die ontwikkeling en gebruik van hierdie grondstowwe beperk – al is die teenstand nie altyd wetenskaplik gegrond nie.

Die tradisionele proteïen(stikstof)draers in 'n voerkraalrantsoen is dierlike en plantaardige produkte asook stikstofprodukte (ureum). Hierdie situasie sal nie oor die volgende vyf jaar veel verander nie. Die vraag na hierdie produkte kan verder toeneem met 'n stygende eier-braaikuiken- en varkveisproduksie. **Betekenisvolle verandering in die voeding van voerkraalbeeste word nie oor die volgende vyf tot ses-jaar verwag nie.**

Dr Lombard was in die kol wat die tyd skedule aanbetref het – maar sedert 1996 het voedingstegnologie in die voerkraalbedryf astronomiese vooruitgang getoon.

Eerstens verskyn daar in 1996 'n β -agonis (nl. Zilmax) op die mark – die voordele wat hierdie molekule (Zilpaterol) gebring het is ondermeer die volgende:

- i) Diere kan langer gevoer word sonder om vetter te word (swakker te gradeer) – die positiewe voermarge word dus tot 'n groot mate benut.
- ii) Die produk karakteriseer groei na proteïensintese i.p.v. vetsintese en uitslag persentasie styg 2-3% (na byna 60%)

Effek van Zilmax op vet – lipogenese tempo daal, vetsuur sintese daal, alle lipogeniese ensiem aktiwiteit daal – dit kan dus gesê word dat lipolise beslis nie die primêre sellulêre meganisme is waardeur die langdurige blootstelling van beeste aan beta agoniste vetneerlegging beperk nie.

Effek van Zilmax op spier proteïen metabolisme - die waargenome effek is die gevolg van 'n kombinasie tussen spier hipertrofie, verhoogde proteïen sintese en verlaagde proteïen degradasie.

Zilmax het verhoogde GDT, beter voeromset verhouding en 'n beter uitslag persentasie tot gevolg (Morris, 2001).

In 1997 begin OTK met die produksie van suspensie voere – suspensie voere vervang droë konsentrate en vloeivoere en die tegnologie van suspensie vervaardiging vorder vinnig. Volgens Koster (2001) is die grootste voordele in die gebruik van suspensie die volgende:

- i) Verbeterde vermenging van mikro grondstowwe
- ii) Konstante rantsoen samestelling
- iii) Vermindering van arbeidsbehoefes
- iv) Verminder voorraadbeheer, rente aan voorraad en kostes verbonde aan onakkurate byvoeging van mikro elemente
- v) Stofbinding
- vi) Stabiliteit van vitamies is beter aangesien suspensie konsentraat se pH bo 6 bly
- vii) Uitskeiding / Uitsifting van monensin–Na kom nie voor soos dit wel aangetref word by konvensionele vloeivoer en droë konsentrate.

Hurland voerkraal gebruik sedert Oktober 2001 rantsoene wat suspensie as die konsentraat gedeelte bevat. Gedurende die laat negentiger jare begin daar al hoe meer belangstelling ontwikkel in die gebruik van die CNCPS model vir Suid Afrikaanse voerkraal toestande en begin die idee posvat dat die CNCPS model waarskynlik net so 'n belangrike rol indien nie belangriker kan speel as die koms van Rumensin (monensin), Zilmax (Zilpaterol) en suspensie voere.

HOOFSTUK 2 PROSEDURE

'n Literatuur oorsig en beskrywing van die belangrikste komponente / submodelle waaruit die CNCPS saamgestel is:

2.1 Rumen fermentasie

Oor die jare is groot vordering in die voeding van herkouters gemaak – hierdie vordering is egter op 'n empiriese benadering gemaak waar die rumen as 'n “Black Box” beskou is. Die ervaring van ander wetenskaplike dissiplines dui egter aan dat 'n meganistiese komponent dikwels benodig word om volhoubare ontwikkeling in stand te hou. As herkouer voeding verby die punt wil vorder waar rantsone deurgaans vir bykans oneindige kombinasies getoets en gebruik word – moet die ‘detail’ (besondere eienskappe) van rumenfermentasie oorweging geniet en verstaan word (Russel *et al.*, 1992).

Die CNCPS model het 'n meganistiese submodel wat kwantitatiewe beramings van fermentasie eindprodukte (d.i. die ME vanaf vlugtige vetsure, mikobe proteïene en ammoniak) sowel as kwantitatiewe beramings van materiaal wat rumen degradasie vryspring (koolhidrate, proteïene en ongedegradeerde peptiede) gee.

Die kompleksiteit van die rumen ekosisteem het verskeie voedingkundiges tot die gevolgtrekking laat kom dat hierdie sisteem so kompleks is dit nie verstaan of in kwantitatiewe terme beskryf kan word nie.

In die CNCPS model word rumen mikro-organismes gekategoriseer volgens die tipes koolhidrate wat hulle fermenteer. Dié wat die SC (Strukturele Koolhidrate) fermenteer en dié wat die NSC (Nie Strukturele Koolhidrate) fermenteer. Hierdie verdeling reflekteer verskille in N verbruik en doeltreffendheid van groei, sowel as 'n bykans eksklusiewe verdeling van energie gebruik (Russel *et al.*, 1992).

Die SC bakterieë fermenteer slegs selwand koolhidrate – hierdie groep fermenteer dus sellulose en hemisellulose, groei stadiger en gebruik ammoniak as hul N-bron vir mikrobiële proteïensintese. SC fermenteer nie peptiede en aminosure nie. Daarteenoor fermenteer die NSC bakterieë stysel, pektiene, suikers ens, groei vinniger en gebruik ammoniak, peptiede en aminosure as N bron, hierdie groep kan ook

ammoniak produseer. Die SC en NSC mikro-organismes het verskillende onderhoudsbehoefes (die CNCPS model gebruik 0,05 en 0,15g Koolhidraat per g mikro-organisme per uur, onderskeidelik)

2.1.1 Die “ideale” rumen fermentasie

Enige ekonomiese benadering tot rantsoen balansering moet daarop ingestel wees om die voordelige aspekte van rumen fermentasie te maksimeer terwyl fermentasie verliese geminimaliseer moet word.

Aangesien soogdiere nie ensieme produseer wat sellulose en hemisellulose kan hidroliseer nie, is spoedige tempos van ruminale vertering voordelig. In die meerderheid van die situasies is 'n groot gedeelte van die aminosuur N wat die ingewande bereik van mikrobiële oorsprong – hierdie afhanklikheid van mikrobiële proteïene beteken dat die doeltreffendheid van mikrobiële groei 'n baie duidelike effek op die herkouer kan hê.

Rumen mikro organismes kan ammoniak gebruik – maar in verskeie situasies is die tempo van ammoniak produksie hoër as die tempo van verbruik. Oormatige ammoniak produksie en absorpsie verhoog N sekresie sowel as die koste verbonde aan ureum sintese. Studies gedoen deur Nolan (1975) het aangedui dat meer as 25% van proteïene N op hierdie wyse verlore mag gaan. Vluchtige vetsure wat die produk van rumen fermentasie is, is die primêre energie bron van die dier. Asynsuur en bottersuur word effektief aangewend in die dierlike liggaam maar dit maak geen bydra tot die glukose poel/voorsiening nie. Propionsuur is glukogenies en maak dus 'n bydra tot die glukose poel. As die fermentasie tempo in die rumen baie vinnig is, mag melksuur akkumuleer. Laktaat (melksuur) mag omgeskakel word na bloedglukose, maar dit is 'n veel sterker suur as die vluchtige vetsure. Laktaat akkumulering lei tot rumen asidose, 'n verlaging in vesel vertering, verlaagde voer inname, en in ekstreme gevalle – die dood. *In vitro* studies het aangedui dat die doeltreffendheid van mikrobeproteïene sintese betekenisvol laer is by pH waardes van laer as 6.0. Die CNCPS-model voorsien berekende produksie van vluchtige vetsure, ammoniak en mikrobe proteïene.

2.1.2 Tempo's vs Hoeveelhede

Rantsoene vir voerkraal beeste is tradisioneel gebalanseer volgens sekere spesifieke hoeveelhede van 'n spesifieke komponent/nutrient (bv. ru-vesel, eter ekstrak, N-vrye ekstrak en ru-proteïen). Onlangse navorsing het egter aangedui dat die tempo waarteen 'n voer in die rumen afgebreek/gedegradeer word 'n merkbare effek op fermentasie eindprodukte sowel as op diereprestasie het, 1) as die tempo van proteïen degradasie groter is as die tempo van koolhidraat fermentasie gaan groot hoeveelhede N verlore as ammoniak. 2) as die tempo van koolhidrate fermentasie groter is as die tempo van proteïen degradasie, word die produksie van mikrobe proteïen nadelig geraak 3) as voerkomponente baie stadig degradeer kan rumen vul 'n negatiewe effek op inname uitoefen. 4) as die degraderings tempo laag is, mag van die voer rumen degradasie vryspring en direk na die laer SVK beweeg (Russel *et al.*, 1992).

2.1.3 Deurvloei tempo vs fermentasie

Soos reeds bespreek word die meeste van die voer wat die rumen binnegaan wel gefermenteer, 'n sekere gedeelte spring egter rumen degradasie vry. Die lot van die voer word bepaal deur die deurvloei tempo sowel as die fermentasie tempo. Fermentasie tempo is 'n inherente eienskap van voer/bestanddeel en in die CNCPS model word fermentasie tempo beskryf deur eerste orde kinetika (substraat-beperkende, ensiem toeganklikheid) en spesifieke tempo konstantes. Deurvloei tempo word gereguleer deur voer inname, prosessering (maal, kerf en ander metodes om partikel groottes te verklein), en die tipe voer wat verbruik word (bv ruvoer vs graan).

2.1.4 NRC Behoeftes

Die 1985 NRC publikasie bespreek verskeie aspekte aangaande mikrobe groei in die rumen en dit voorsien vergelykings wat poog om verskillende aspekte van rumen funksie in verhouding met diere prestasie te bring. Hierdie empiriese aanbevelings het verskeie beperkings (Russel *et al.*, 1992).

1. Mikrobe groei in die rumen word gedryf deur TVV (Totale verteerbaarheid) eerder as deur die beraamde hoeveelheid rumenale beskikbare koolhidrate.
2. Mikrobiese groei doeltreffendheid is konstant.

3. Die verband tussen mikrobiële opbrengs en mikrobe onderhoudsenergie behoefte word geïgnoreer.
4. Die mikrobiële populasie word nie verdeel volgens metaboliese aktiwiteit en N behoeftes nie.
5. Tempo van koolhidraat fermentasie word nie geïntegreer met tempo van proteïen degradasie nie.
6. Voer degraderings tempos is vas en daarom nie sensitief vir verskille in voerinnames en deurvloeytempos nie.

Die CNCPS model maak voorsiening vir elkeen van hierdie faktore en voorsien 'n meer kwantitatiewe analise van rumenale fermentasie en nutriënt beskikbaarheid.


2.1.5 Mikrobiële groei

In die CNCPS model is die groeitempo van beide die SC en NSC bakterieë direk eweredig aan die tempo van koolhidraat vertering – met die voorbehoud dat 'n geskikte N bron beskikbaar moet wees.

Empiriese modelle van mikrobe groei in die rumen het te dikwels aanvaar dat rumen mikrobe opbrengs 'n konstante funksie van DMI of organiese materiaal verteerbaarheid is. Die NRC (1985, 1989) toon 'n statiese doeltreffendheid van 26,12g mikrobe N per kilogram TVV aan. Die gebruik van TVV om mikrobe opbrengs te bepaal ignoreer die feit dat rumen bakterieë nie in staat is om proteïen, vet, lipiede, of as, as 'n energie bron te gebruik – en dat koolhidrate die primêre energie bron is vir mikrobe groei. Dit ignoreer verder ook die feit dat rumen mikrobe oor 'n onderhouds energie behoefte beskik. Wanneer die bakterieë stadig groei word 'n groot gedeelte van die energie vir onderhoud van die bakterieë self gebruik. In hierdie sin is energie nodig vir onderhoud analoog aan die vaste koste vir 'n besigheid. Hier kan mens slegs wins maak (groei) nadat die vaste koste (onderhoud) gediens is. As kontantvloei groot is (vinnige tempos van energie verbruik) is die vaste koste (onderhoud) 'n klein gedeelte van die totale begroting (Russel *et al.*, 1992).

NSC en SC bakterieë het onderskeidelik onderhoudsbehoefte van 0,150 en 0,05g koolhidraat per gram bakterieë per uur. Die effek van bakteriële onderhoudsbehoefte op doeltreffendheid van mikrobiële groei word in figuur 1 voorgestel. Oor die spreiding

van spesifieke groeitempos wat moontlik is vir die rumen kan mikrobe opbrengs meer as drievoudig verskil.



Koolhidraat fermentasie of groei tempo(%per uur)

Figuur 1 Die effek van koolhidraat fermentasie tempo (groei tempo) op die opbrengs van rumen mikrobe wat onderskeidelik SC (strukturele koolhidrate) en NSC (nie strukturele koolhidrate) fermenteer. Die teoretiese maksimum groei opbrengs is 0,4 g selle per gram koolhidraat en die onderhoudsbehoefte van SC en NSC is onderskeidelik 0,05 en 0,150 g koolhidraat / gram bakterieë / uur. Groei tempos in die rumen varieer gewoonlik tussen 0,05 en 0,2 h⁻¹

In vitro studies het aangedui dat rumen mikrobe positief reageer op die voorsiening van peptiede en aminosure (Russel en Shiffen, 1984), dit moet egter deurgaans in gedagte gehou word dat SC nie oor die vermoë beskik om amino N te benut nie. In die CNCPS word die opbrengs van NSC bakterieë tot 18,7% verhoog soos die verhouding van peptiede tot NSC toeneem vanaf 0-14% peptiede in die rumen vloeistof. Met meer as 14% peptiede kom geen verdere verhoging in opbrengs voor nie (Russel *et al.*, 1992).

Wanneer daar voldoende NSC beskikbaar is kom 66% van NSC bakteriese proteïen opbrengs van peptiede en 34% van ammoniak. Hierdie proporsie word nie geaffekteer deur mikrobiële groeitempo nie. In die CNCPS model is die groeitempo van beide groepe bakterieë (NSC + SC) direk proporsioneel tot die tempo van koolhidraat vertering solank as wat 'n bruikbare bron van N beskikbaar is (Coetzer, 2001). In die afwesigheid van koolhidrate word al die peptiede N na ammoniak afgebreek.

2.1.6 Proteïen fermentasie en Ammoniak akkumulاسie

Die meeste rumen bakterieë kan ammoniak as N bron benut maar dikwels produseer rumen fermentasie meer ammoniak as wat die mikrobe kan gebruik. Tot 25% van proteïen kan as ammoniak verlore gaan. Proteïen is as 'n reël die duurste komponent in herkouer voeding en daar is verskeie studies onderneem om proteïen verliese te bekamp. Voer proteïen word in die rumen gedegradeer deur ekstrasellulêre ensieme in 'n reaksie waar water betrokke is – as proteïene vinnig in oplossing gaan word die tempo van degradasie dikwels versnel. Sekere tipes proteïen bv. die in sojabone is hoogs oplosbaar en word blitsig deur rumen mikrobe gedegradeer. Hitte behandeling wat die proteïen denatureer en sodoende sy oplosbaarheid baie verlaag, verlaag ook die tempo waarteen sodanige produk in die rumen gedatureer word. Sommige voerkomponente beskik oor 'n inherente lae oplosbaarheid bv. (brouersgraan, vismeel en gedistilleerde byprodukte. Die CNCPS model gebruik ensiematiese data om te voorspel teen watter tempo voerproteïene gedegradeer sal word. Koolhidrate het nie effek op die tempo waarteen ekstrasellulêre proteïenases proteïen denatureer nie – maar dit affekteer grootliks die eindproduk van amminosure metabolisme. In die CNCPS model tel NSC mikrobe, peptiede op, teen 'n tempo van 0,7 g peptiede / gram mikrobe per uur en hierdie N word gebruik vir 1) mikrobeproteïen sintese 2) ammoniak produksie.

Die rumen is as 'n reël goed gebuffer deur speeksel sekresies, maar as die hoeveelheid dieët vesel beperk word en 'n vinnige tempo van koolhidrate fermentasie voorkom, mag die rumen pH daal (McDonald Edwards & Greenhalg, 1988). Die CNCPS model voorspel rumen pH vanaf die eNDF inhoud van die rantsoen.

2.1.7 Die samestelling van rumen mikrobe

Bakteriese samestelling kan beïnvloed word deur faktore soos verandering in groei tempo, groei fase of groei media. In hierdie model word aanvaar dat bakterieë bestaan uit 62,5% rupteïen, 21,1% koolhidraat, 12% vet en 4,4% as. Slegs 50-70% van mikrobe proteïen is beskikbare proteïen – die oorblywende gedeelte word in selwand strukture en nukliensure vasgevang (Russel *et al.*, 1992).

25% selwandproteïen (aanvaar as nie-beskikbaar)

15% nukliensuur (aanvaar as nie-beskikbaar)

60% ware proteïen (aanvaar as 100% verteerbaar)

2.1.8 Implikasies van CNCPS fermentasie submodel

Die CNCPS model het 'n fermentasie submodel wat die tempo van koolhidraat fermentasie vergelyk met die tempo vir proteïen fermentasie (en dit voorspel rumen verteerbare organiese materiaal), mikrobiële proteïen sintese en ammoniak produksie sowel as die vloeï van onverteerde voer na die laer SVK. Evaluasies wat reeds uitgevoer is, dui aan dat die submodel 'n akkurate voorspelling maak van mikrobiële groei sowel as fermentasie eindprodukte (Russel *et al.*, 1992)

2.2 Koolhidraat en Proteïen beskikbaarheid

Die CNCPS beskik oor 'n submodel wat die tempo van degradasie van voedingstowwe in die rumen, sowel as die deurvloeï tempo van nie gedegradeerde voer voorspel. Dieselfde model voorspel ook die hoeveelheid ME en proteïen wat beskikbaar is vir die dier. In die CNCPS word NSC en SC koolhidrate beraam vanaf voer NDF ontleding. Data uit die literatuur word gebruik om die fraksionele tempo van SC en NSC te voorspel. Ruproteïen word verdeel in vyf fraksies (nl fraksie A, C B3, B2, B1) (Sniffen *et al.*, 1992).

Die hoeveelheid koolhidrate of N wat in die rumen verteer word, word bepaal deur relatiewe tempos van degradasie en deurvloeï. Die deurvloeï tempo uit die rumen is 'n funksie van DMI, partikel grootte, digtheid en tipe voer wat gevoer word (ruvoer of kragvoer).

Die Weende sisteem van analisering sowel as die TVV stelsel is vir bykans die laaste eeu gebruik om die energie en beskikbare proteïene in voerkomponente te voorspel. Netto energie sisteme is ontwikkel om vir die verliese deur metaan, uriene, en hitte inkrement voorsiening te maak. Die NE stelsels het goed gewerk onder gestandaardiseerde voedingstoestande – maar die tabel NE waarde van 'n spesifieke voer word tipies bereken vanaf TVV en voorspel 'n verwagte gemiddelde waarde eerder as die NE wat verkry word deur 'n spesifieke groep diere wat daardie voer bestanddeel benut.

Aangesien die voedings omstandighede van beeste baie kan verskil, en dikwels uniek is, is akkurate NE waardes gewoonlik nie beskikbaar nie (Van Soest *et al.*, 1984). Ruproteïen en verteerbare proteïen fraksies kan nie noodwendig volledig rekenskap gee vir die dinamika van rumen fermentasie en die potensieële verlies van N as ammoniak nie.

Die CNCPS model beskik oor vergelykings wat die fermentasie en deurvloei tempo van koolhidrate en proteïen fraksies voorspel. Hierdie informasie word gebruik om ME en proteïen absorpsie te voorspel.

Die CNCPS is nie 'n dieetformuleringsprogram nie. Dit kan wel gebruik word om diëte wat reeds in gebruik is te evalueer. Hierdie evaluering sal diereprestasie voorspel wat vanaf die dieet verwag kan word en sal ook leemtes identifiseer wat prestasie kan beperk. Dit kan ook as 'n hulpmiddel gebruik word om behoeftes te bepaal (Cruywagen, 2001).

Omdat daar so baie faktore is wat produksie kan beïnvloed, asook die variasie wat in dieetgrondstowwe voorkom, is dit van belang om die CNCPS onder 'n wye reeks omstandighede en voerbronne te evalueer.

2.2.1 Parameters van voersamestelling

Die CNCPS maak van 'n twee-kompartement model van die herkouer SVK gebruik, naamlik die retikulo-rumen en die laer SVK.

Die volgende parameters is van belang ten opsigte van voersamestelling (Cruywagen, 2001):

1. Bruto-parameters:
 - Droëmateriaal
 - NDF
 - Ruproteïen (RP)
 - Eterekstrak (EE)
 - As

2. Koolhidtraat- en veselfraksies:

- Effektiewe NDF (eNDF,) as % van NDF
- Nie-strukturele koolhidrate (NSC), as % van DM
- Stysel, as % van NSC
- Lignien, as % van NDF

3. Proteïenfraksies:

- Oplosbare proteïen (SolP), as % van RP
- NPN, as % van SolP
- NDF-residu-N (NDFIP), as % van RP
- ADF-residu-N (ADFIP), as % van RP

4. Poelsamestelling:

- | | | |
|---------------|-------------------------------------|-----------------|
| ▪ CHO A | - Eenvoudige suikers | |
| ▪ CHO B1 | - Stysel | |
| ▪ CHO B2 | - Fermenteerbare vesel | |
| ▪ CHO C | - Nie-beskikbare vesel | |
| ▪ Proteïen A | - NPN (100% degradeerbaar) | |
| ▪ Proteïen B1 | - Vinnig degradeerbare proteïen | } Ware proteïen |
| ▪ Proteïen B2 | - Medium degradeerbare proteïen | |
| ▪ Proteïen B3 | - Stadig degradeerbare proteïen | |
| ▪ Proteïen C | - Nie-beskikbare proteïen (gebonde) | |
| ▪ Vet | | |
| ▪ As | | |

Die nie beskikbare fraksie C proteïen is proteïen wat geassosieër word met taniene, lignien of Maillard produkte en dit is hoogs bestand teen mikrobe en soogdier ensieme – dit is dus nie in die rumen / in die laer SVK beskikbaar nie. Daar is ten minste vier voere wat betekenisvolle hoeveelhede van hierdie gebroke proteïen bevat – nl: Kuilvoer van grasse(hooigewasse), gedehidreerde lusern, sitrus pulp, en gedroogde brouers graan (Sniffen *et al.*, 1992).

